higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ENTREPRENEURSKAP
NKR VLAK 2

(3021042)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Persoon wat innoverend is, berekende risiko's neem en 'n passie het om hul eie besigheid te begin.

A Entrepreneurskap
B Kenner
C Entrepreneur
D Onderneming

1.2 Dit is EEN manier om met mededingers in die besigheidsomgewing mee te ding.

A Indiensneming
B Beter kliëntediens
C Finansiële beheer
D Sosiale behoefte

1.3 Dit is gunstig teenoor klein besighede om goed te doen of te floreer.

A Indiensneming geleenthede
B Inflasie
C Dinkskrum
D Houding

1.4 Om geleenthede te identifiseer is ’n voorbeeld van ... .

A bedreigings
B 'n goeie eienskap
C 'n karaktereienskap
D Beide B en C

1.5 EEN van hierdie metodes val onder primêre data.

A Handelsmerk
B Eksperimentering
C Statistieke
D Hulpbronsentrums

1.6 Verkope – koste van verkope =

A bruto verkope
B netto wins
C bruto wins
D Geen van die bogenoemde

Kopiereg voorbehou

1.7 ... kan foute in jou besigheidsidee identifiseer.

A Werk skedule
B Besigheidsplan
C Finansiële plan
D Voorblad

1.8 Om te besluit watter take die belangrikste en dringendste is sodat hulle eerste hanteer kan word.

A Prioritisering
B Beplanning
C Skedulering
D Sperdatums

1.9 Beskryf beide die vervaardigingsproses en die toerusting wat benodig word:

A SWOT-analise
B Operasionele plan
C Gebeurlikheidsplan
D Mikro-omgewing

1.10 Dokument wat gebruik word in die opstel van finansiële rekords:

A Onlangse dokument
B Afleweringsnota
C Inkomstestaat
D Bron dokument

1.11 Beïnvloed die prys van die produk:

A Afroming
B Mededingers
C Gerieflikheid
D Beide B en C

1.12 Die ... is 'n oorsig van jou voorgestelde besigheid.

A uitvoerende opsomming
B voorblad
C wetlike dokument
D titelblad

1.13 Dit handel oor die inlig van potensiële kliënte oor produkte en hoekom hulle dit moet koop.

A Promosie
B Observasie
C Internet
D Steekproefneming

Kopiereg voorbehou

1.14 Instrument wat jy kan gebruik om die interne omgewing van jou besigheid te ondersoek:

A Mark segmentasie
B SWOT-analise
C Vraelys
D Gelykbreekpunt

1.15 'n Mededinger is 'n ... vir 'n besigheid.

A sterkpunt
B vaardigheid
C bron
D bedreiging

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n SWOT-analise laat ons toe om behoorlik te beplan en om ons krag tot die beste van ons vermoë te gebruik.

2.2 'n Besigheidsplan kan gebruik word as 'n padkaart of riglyn wanneer die besigheid aan die gang is.

2.3 Die eksterne omgewing staan ook bekend as die mikro-omgewing.

2.4 Wetlike dokumente en belastingopgawes word onder ondersteunende dokumente in 'n besigheidsplan geplaas.

2.5 Die vermoë om te organiseer is een van die eienskappe wat deur 'n entrepreneur benodig word om bestuursvereistes na te kom.

2.6 Kopiereg is die registrasie van 'n naam, 'n unieke merk of 'n woord wat jou produk onderskei van ander.

2.7 Inligting van marknavorsing kan gebruik word om besluite oor die prys van die produk te neem.

2.8 Hulpbronsentrums, biblioteke en statistieke is van die algemene bronne van sekondêre data.

2.9 Gelykbreekanalise is deel van die bestuursplan.

2.10 Kapitaal is 'n hulpbron wat entrepreneurs benodig om sukses te bereik.

Kopiereg voorbehou

2.11 Krediteure, bankoortrekkings en belasting is voorbeelde van langtermyn laste.

2.12 Die besigheidsdagboek hou rekord van alle belangrike aktiwiteite van die besigheid.

2.13 Uitkontraktering is 'n ooreenkoms om 'n bestaande besigheidsidee teen 'n fooi te gebruik.

2.14 'n Kredietnota is 'n voorbeeld van ’n brondokument.

2.15 'n Mentor is 'n wyser kollega wat kennis en ervaring kan oordra.

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die scenario hier onder en antwoord die vrae.

INFORMELE HANDEL SIT KOS OP DIE TAFEL, GEWAPEN MET VASBERADENHEID EN ‘N BIETJIE GELD OM TE BEGIN

Nadat sy gesukkel het om werk te kry, het Hlengiwe Ngidi van Lamontville in Durban, gedraai na straatverkope om 'n bestaan te voer en 'n straatverkopepermit van die eThekwini-munisipaliteit ontvang.

Gewapen met vasberadenheid en 'n bietjie geld om te begin, het sy die strate ingevaar om kos te maak en verkoop.

Die borrelende Ngidi maak ontbyt en middagete vir taxibestuurders van die Umlazi-plakkerskamp. Haar tent in die middestad van Durban bied skuiling aan haar aangepaste kombuis, wat 'n gasstoof, tafel en stoele het. Die heerlike reuk van beesvleisbredie, wat sy met *phuthu* bedien, lok kliënte.

Ngidi sê dat sy gesien het dat haar besigheid vinnig vorder en toe sy 'n gaping in die mark gesien het, het sy dit geneem. Niemand het ontbyt en middagete vir taxibestuurders in die Umlazi-staanplek in die sentrale besigheidsdistrik gemaak nie.

Ek het besluit om 'n lening van die plaaslike samelewing in my area te verkry. Ek onthou dat ek gevra het vir 'n lening R3 500 om die besigheid te begin. Ngidi het twee mense wat vir haar werk om te help om etes voor te berei en af te lewer. 'n Tipiese dag begin om 7:00 in die oggend wanneer sy haar tent en stoof van stoorkamers in die stad gaan haal, en eindig na middagete, wanneer al die kos verkoop is.

Ek begin deur ontbyt voor te berei wat beeslewer, eiers en vier snye brood insluit. Vir middagete wissel ek tussen bees- en hoenderbredie met rys of *phuthu* wat bedien word met twee slaaie. Ontbyt kos R14 terwyl middagete R16 is vir 'n klein porsie en R22 vir 'n groot porsie.

Ek werk elke week van Maandag tot Vrydag. Dit kos my elke week R920 om voorraad te koop. Op 'n gewone dag maak ek omtrent R300, geld wat my gesin van ses onderhou.

Kopiereg voorbehou

3.1 Adviseer Hlegiwe oor wat die oorsaak is dat die meeste besighede misluk. Noem drie maniere hoe sy hierdie uitdaging kan oorkom. (3 × 2) (6)

3.2 Hoe sal die volgende eksterne faktore Hlengiwe se besigheid negatief beïnvloed?

3.2.1 Werkloosheid

3.2.2 Inflasie

3.2.3 Misdaad

(3 × 2) (6)

3.3 Hlengiwe was toegerus met vasberadenheid. Dit beteken dat sy vertroue gehad het dat sy suksesvol sou wees. Dit is EEN eienskap van 'n entrepreneur.

Noem die ander VYF eienskappe van 'n entrepreneur. (5)

3.4 'n Besigheidsplan sou Hlengiwe gehelp het om 'n lening te bekom.

3.4.1 Noem DRIE voordele van 'n besigheidsplan. (3 × 2) (6)

3.4.2 Noem enige DRIE komponente van 'n besigheidsplan. (3)

3.5 Eerder as om kliënte deur die reuk van die kos te lok, kan Hlengiwe advertering gebruik om kliënte oor haar besigheid in te lig.

3.5.1 Noem DRIE doelwitte van advertering. (3)

3.5.2 Noem TWEE advertering media wat Hlengiwe kan gebruik. (2)

3.6 Hlengiwe werk in 'n kompeterende omgewing.

Noem VIER maniere waarop sy beter met die mededingers kan kompeteer. (4)

[35]

VRAAG 4

4.1 Kom ons neem aan dat Hlengiwe 11 ontbyte en 13 middagetes (klein) per dag verkoop.

4.1.1 Bereken die totale verkope per dag. (5)

4.1.2 Bereken Hlengiwe se wins per week. (4)

4.2 Hlengiwe se nuwe verskaffer het pryse verander, die koste van haar weeklikse voorraad het met 6% toegeneem.

Bereken die nuwe wins per week. (6)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Hlengiwe kan 'n taaklys in haar besigheid gebruik.

Stel VIER take saam wat sy deur die loop van haar werksdag moet voltooi. (4)

5.2 'n Dagboek kan Hlengiwe help om haar tyd effektief te bestuur.

Verduidelik die volgende soort dagboeke wat sy kan gebruik.

5.2.1 Elektroniese dagboeke

5.2.2 Jaarbeplanner

5.2.3 Lessenaardagboek

(3 × 2) (6)

5.3 Sal Hlengiwe sukses bereik as 'n entrepreneur? (1)

5.4 Noem TWEE redes om jou antwoord in VRAAG 5.3 hier bo te regverdig. (2)

5.5 Noem VIER redes waarom entrepreneurs in Suid-Afrika belangrik is. (4)

5.6 Verduidelik wat met mededingende voordeel bedoel word. (2)

5.7 Noem die mededingende voordeel van Hlengiwe se stalletjie. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou